# Kampvuur Kekkel

hou KOERS!

WWW.VOORTREKKERS.CO.ZA



## Jou lig leef voort in ons

In die stiltes tussen ons kampvure, waar die kole nog sag gloei en stories saggies oorvertel word, neem ons met swaar harte afskeid van Zané de Jager.

Haar lewe was korter as wat ons sou wou hê, maar die impak daarvan is oneindig groter as wat woorde kan beskryf.

In hierdie tyd van pyn sien ons mense wat nader staan, wat hande vat, wat saam huil en saam bid. Dis in hierdie saamstaan dat ons weer herinner word aan wat dit beteken om werklik 'n familie te wees.

Zané se lewe was 'n sagte lig – een wat nie uitgedoof word deur haar afwesigheid nie, maar wat voortleef in elke hart wat sy aangeraak het.

In die lag wat sy gedeel het, in die vriendelikheid wat sy so natuurlik uitgedeel het, en in die herinneringe wat nou soos kosbare skatte vasgehou word.



## Nuwe kwartaal, nuwe geleenthede

Met die aanbreek van 'n nuwe kwartaal lê daar weer vars geleenthede voor. Dit is 'n tyd om nuut te begin, doelwitte te stel en met entoesiasme aan te pak wat voorlê. As Voortrekkers stap ons nie alleen nie – ons groei saam, leer saam en bou saam aan karakter en geloof.

Mag hierdie kwartaal gevul wees met avontuur, vriendskap en waardevolle lesse. Kom ons gryp elke geleentheid aan en leef doelgerig, sodat ons 'n positiewe verskil kan maak waar ons ook al gaan.



## NEEM KENNIS

REGISTREER


hier as Voortrekker

Suid-Afrika: Hoofleierswag-eksamen - 13 April 2026

April 2026

VOORTREKKERS AS LIGDRAERS IN DIE WÊRELD

# April
# Die tweede kwartaal is hier



## April - kamptyd

Van die warm stofpaaie van die bosveld tot waar die see se branders ritmies breek, en diep in die hartjie van die Vrystaat waar die oop vlaktes stories fluister – oor Suid-Afrika en Namibië het kampe weer lewe gekry.

Elke kamp het sy eie geur gehad: die reuk van kampvure wat stadig uitbrand, lag wat deur tente weerklink, laatnag-geselsies onder 'n sterbelaaide hemel, en daardie stil oomblikke waar jong harte iets diepers ontdek - van vriendskap, geloof en hulself.

Agter elke kamp staan daar egter mense - volwasse lede wat hul tyd, energie en harte gee. Mense wat opoffer, beplan, dra, lei en dikwels stil op die agtergrond bly. Julle is die rede waarom hierdie oomblikke moontlik is. Julle is die hande en voete wat sorg dat elke kind nie net 'n kamp beleef nie, maar 'n herinnering dra wat 'n leeftyd hou.

Ons sien julle. Ons waardeer julle. En ons is opreg dankbaar.
Want uiteindelik gaan dit nie net oor kampe nie... dit gaan oor lewens wat geraak word.


## Projek Ligpunt

Het jou kommando al begin met julle Projek Ligpunt? Klik op die embleem en lees meer:



## Het jy geweet?

Vanuit die Lidmaatskapbrosjure:
Lede word versoek om binne drie maande ná registrasie aktiewe Voortrekkerdrag aan te skaf, of vroeër indien hulle aan aktiwiteite deelneem waar dit benodig word. Formele Voortrekkerdrag moet voor die einde van die jaar aangekoop word, en verkieslik vroeër indien dit vir aktiwiteite benodig word.



## Wie ken die antwoord?

Wie ontvang erelidmaatskap in hierdie foto?
Watter jaar was dit toegeken?
Wie is die hoofleier wat die oorhandiging doen?

Klik hier en stuur jou antwoord:



## Sing saam in 2026

Gaan loer gerus by die skakel na nog nuwe verwerkings om saamsing makliker te maak. Vind onder andere:

- Verkennertyd
- As ek moeg word vir die lewe in die stad
- As ek saans met my maats om die kampvuur sit

Lekker sing.


Klik hier

## Kode 1: 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.

Hierdie eerste kode lê die fondament van wie ons as Voortrekkers is. Om God te dien beteken om met opregtheid, respek en 'n nederige hart te leef en om altyd te probeer doen wat reg is.
As Voortrekkers leef ons met die wete dat God saam met ons is in elke uitdaging, elke avontuur en elke oorwinning. Ons geloof gee rigting, hoop en krag, en help ons om 'n positiewe verskil te maak waar ons ook al gaan.

## DIE VORIEMÔL

Hierdie maand se hulpmiddel is beskikbaar by Die Voriemôl. 'n Splinternuwe inkleurboek met die Voortrekkerkode teen slegs R19, wag vir jou en jou span. PD's kan die Voortrekkerkode leer deur die prentjies in te kleur.




## Wêreldboekedag – 23 April

Het jy al ooit gewens jy kan saam met 'n seerower skat soek, deur 'n geheime woud dwaal of selfs op 'n draak ry? Wel... jy kan, sonder om jou stoel te verlaat!

Op 23 April vier ons Wêreldboekedag, 'n dag wat ons herinner dat boeke eintlik klein portale na groot avonture is. Boeke speel 'n ongelooflike rol in opvoeding, kultuur en verbeelding - hulle laat ons leer, lag, droom en soms sommer hardop "wow!" sê.

Uitdaging:
Gryp 'n boek en deel met jou span: As jy in enige boek kon wees, watter een sou dit wees?
Voltooi gerus hierdie vasvra en kyk hoe ver strek jou kennis oor boeke.

Klik hier:

